Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

21 Julie 2019

Rom12:2

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *Deut 6:1-9*
Fokusvers: *Deut 6:2*
Tema: *Waar val die 'appel' ?*
Jaartema: *Praktyke -Geestelike gawes*

17:00 5-UUR DIENS

Ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *1 Kor 9:24-27*
Fokusvers: *1 Kor 9:24*
Tema: *Hardloop na die wenpaal!*

18:30 AANDDIENS

Dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Kol 4:2-6*
Fokusverse: *Kol 4: 2-6*
Tema: *Die nuwe mens praat met God en mense.*
Reeks: *Kol. no. 17*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE DIENS.

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Pieter du Plessis
Volgende week	Ronel Ritchie
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk F2 olv Johan Ligthelm
Volgende week	

KOINONIA

Ons dra die volgende lidmate op in gebed:

- ◊ *Lidmate wat kankerbehandeling ontvang: Hanlie Buys, Hermien Venter en Hettie Viljoen.*
- ◊ *Klein Herman du Preez gaan DV weer Maandag na 'n spesialis toe.*
- ◊ *Tannie drienie Roselt is ontslaan uit die hospitaal, maar is baie swak.*

GELUKWNSING:
Baie geluk aan die volgende ouerpare en hul families met die doop van hul verbondskindertjies:

- ◊ *Flip en Denise Fourie met doop van hul dogtertjie, Anja Mariana Fourie.*
- ◊ *Uhltsen en Magdaleen Steytler met die doop van hul dogtertjie, Danieke.*

Baie geluk, en baie sterkte met die verbondsonderrig.

Liewe lidmaat van GK Benoni.

Die predikante doen graag huisbesoek by lidmate. Ons vra egter dat die gemeente kennis neem dat ons huisbesoek nie agtereenvolgens by al die wyke plaasvind nie, maar dat die volgende riglyne gebruik word om te bepaal waar daar huisbesoek gedoen word:

1. Wanneer lidmate 'n besoek versoek.
2. Wanneer die predikante bewus is van 'n beproewing of aanvegting (siekte, ens.).
3. Wanneer daar nuwe lidmate of intrekkers aanmeld.
4. Wanneer spesifieke lidmate aangespreek moet word.
5. Daar word probeer om ouer lidmate wel van tyd tot tyd te besoek.

Jy kan jou wyksleier, blokouderling, die kerkkantoor of die predikante direk nader as jy 'n besoek wil hê.
Groetnis in Christus; Braam & Rynhardt

KAN JY ONTHOU . . . . ???

In aanloop van die 10-jaar samesmelting- feesvieringe wat DV Saterdag 27 Julie plaasvind deel ons graag nog 'n lekkerlees-artikel.

GEDAGTES NA 8 JAAR

Om terug te dink aan jou werk in 'n gemeente is maar altyd 'n nederige ervaring. Jy besef dat jy by die gemeente beland het deur 'n roepstem van die Here op te volg. Ja, … opvolg van iets, wat jy nie veroorsaak het nie. Die Here het dit begin met jou . Dit alleen is soos 'n wonderwerk. Wie is jy dat Hy aan jou dink? Dan nog roep, dan nog opdragte gee, dan nog alles skenk wat nodig is om die opdragte na die beste van jou vermoë uit te voer?

So dink ek terug aan 8 jaar se werk in Benoni gemeente. My 3de gemeente vanaf 1995 toe ek in Keetmanshoop begin het. Ná 4 jaar na Rustenburg-Wes vir 12 jaar en toe Benoni vanaf 2011 tot 2018. 'n Wonderlike voorreg waar die Here se genade altyd genoeg was.

Benoni gemeente was en is steeds vir my baie besonders. Ons is 'n unieke groep mense, met unieke uitdagings hier in die Ooste van die Rand. Ek was baie opgewonde om hier te kom werk, omdat ek geweet het hierdie gemeente was besig om te groei en uit te brei, veral na die samesmelting van die twee gemeentes. Hier was nuwe uitdagings. Ons moes nuut dink om 'n gemeente te wees wat die Gereformeerde beginsels handhaaf, maar dit verpak in 'n moderne hedendaagse baadjie.

Ek onthou die voortsetting van die baanbrekerswerk wat volgens ons noodsaaklik was om by God se Woord te hou, al het dit behels dat ons 'n paar sinodebesluite nie sou nakom nie.

Ek waardeer die kerkraad se aanvaarding van my en Braam se leierskap en om ons ruimte te gee om juis die bedoeling van die Bybel te soek in die praktyke van ons bediening.

Ek bedank die kerkraad en gemeente dat julle my vertrou het om weg te breek van formalisme wat steeds aan baie van die GKSA gemeentes kleef. Om weg te doen met sinlose tradisies wat die groei van die liggaam van Christus strem en uiteindelik sal doodmaak. Vorms is dood. Dis die kosbare inhoud van die Woord wat groei deur die krag van die Heilige Gees.

Ek onthou die verandering wat ons gemaak het om die Actonville lidmate meer deel van ons bediening op Sondae te maak, sodat hulle nie net die eredienste kon bywoon nie, maar dat hulle kinders ook katkisasie kan bywoon.

Dit was 'n voorreg om te dien in 'n gemeente waar nie net die dominee al die werk doen nie, maar waar die lidmate ook saam in die bediening van die Here staan deur die amp van gelowige uit te leef. Dit het my en Braam in staat gestel om meer spesifiek op die bediening van die Woord te fokus, waarvoor ons opgelei is. (Soos ons in die kerkraad gepraat het... "die dominees moet uit die kombuis uitkom".)

Dankie GK Benoni dat julle vir my en Hanlie wat beide met relatiewe swak gesondheid hier aangekom het, saam met ons gesin net so aanvaar het. Ek dink terug (en ons gesin beleef dit steeds) aan die liefdevolle versorging, hulp en bystand van die kerkraad en die hele gemeente toe ek begin swak word het. Vir die geduld en deernis tot ek verlede jaar die tuig moes neerlê. Dankie GK Benoni, dat God se liefde deur julle regeer. Dit gaan nie net oor die materiële ondersteuning nie, maar juis ook vir die geestelike hulp deur gebede en kontak wat julle op verskeie maniere maak.

Dankie dat julle my foute en swakhede oorgesien en vergewe het. Dankie dat ons as gesin, al is ek nie meer die dominee nie, steeds welkom voel en die wonderlike verhoudings van liefde met mekaar kan voortsit.

Wie weet wat die Here nog vir ons inhou in ons gemeente?

Van BDB's

(Baie Dankbare Buyse)

KERKLIKE ADMINISTRASIE
GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE BEDANK

• Ds FJ Potgieter (Fritz) van Bloemfontein-Suid na Rietvallei as medeleraar

POTJIEKOS-KOMPETISIE inskrywings sluit vandag @17:00. Om in te skryf volg hierdie skakel:

https://forms.gle/owCTAijJAckJFTs2A

10-JAAR AANDENKINGS-BESTELLINGS:

https://bit.ly/30sXgid

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 14 - 21 JULIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & Katkisasie gr 1-7 5-uur Diens & Katkisasie gr 8-10 Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	
Vrydag vanaf	06:00 09:00 18:00	Manne gebedsgroep Bybelstudie Gebeds-deurnag by die kerk	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Saterdag	10:00 tot laat	10-jaarfeesvieringe: oa. Potjiekoskompetisie, teetuin, sop, pannekoek, 'n verskeidenheid speletjies vir oud en jonk.	
Sondag 28 Julie	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & katkisasie gr 1-7 5-uur diens & katkisasie gr 8-11 Aanddiens	

14 & 21 Aug. TOERUSTING-GELEENTHEID

HOE HANTEER MENS LYDING?

Dr. Vorster Combrink (Pastorale berader) kom toerusting by ons aanbied oor die sin van lyding en hoe om dit saam met God te hanteer.
Almal wat swaarkry, of familie en/of vriende het wat deur moeilike tye gaan, word genooi om hierdie geleentheid by te woon.
Wanneer: 14 & 21 Augustus 2019
Tyd: 19:00 - 21:00
Koste: R100 p/p vir albei geleenthede

RSVP asb. by Ina Bolt op 084 339 1136 voor 10 Augustus 2019.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Intekening op Kerklike Tydskrifte vanaf 1 Julie 201 9 tot 30 Junie 2020

Die Kerkblad – individuele intekening R434.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]
Die Kerkblad – groepsintekening R407.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]
Die Kerkblad – elektroniese intekening R126.00 – 11 uitgawes

Om te bestel kontak: Ina Bolt op 084 339 1136

VERJAARSDAE 21 - 27 Julie

Baie geluk aan almal met hul verjaarsdae vandag en in die komende week!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
21 /07	Tewie Barnard Rina Classen * Milandre Hector ☺	083 368 1563 082 923 1367
22/07	Zuanda Stroebel Chrisné-Lee Wisser	084 655 5833 083 468 1625
23/07	Alida Muller Dwayne Wigget ☺ Jade de Lange ☺	082 557 0986
24/07	Elize Billing Dirk Cronje Johan Hugo Ruben Jansen ☺	081 391 1728 083 253 6220 074 917 9697
25/07	Alistair Twaddle ☺ Hennie van Niekerk	082 599 0643
26/07	Simone Bornman	079 877 8064
27/07	Theo Buys Tarien Buys Pieta Coetzee **	076 443 4165

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

TUINWOONSTEL TE HUUR

1 slaapkamer tuinwoonstel geskik vir enkel-persoon in Northmead.
R2500 per maand + helfte water en ligte rekening.
Sluit in DSTV , onderdak parkering vir een voertuig & sekuriteit in.
Vir meer inligting kontak:
Heinrich Keyser op 082 210 4389

TUINWOONSTEL/ BEHUISING GESOEK

2 Slaapkamer plekkie word gesoek wat geskik is vir 3 volwassenes. (1 egpaar en 1 volwassene)
Hulle kan saam R3000 - R3500 bekostig.
As jy kan help, kontak Charmaine op 067 327 4067

BAIE DANKIE!

Baie dankie aan elke lidmaat wat gereeld melk, suiker, koffie en/of tee skenk vir die spenskas.
Dit word opreg waardeer!

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 7 JULIE:

Diens van Barmhartigheid:	R 2574
GKSA sustentasie:	R 2119
Borg-'n-Bybel houertjies:	R 95
Jeugdiens:	R 234

KOLLEKTES VANDAG:
Kollekte in die banke: Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte: Thuso

Deurkollektes vir 27 Julie:

PERSONEEL VERLOF:

Ds. Rynhardt Pretorius sal met verlof wees vanaf 18 tot 24 Junie 2019.

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer se antwoord: Lukas 3:2
" In daardie tyd het die woord van God tot Johannes, die seun van Sagaria , in die woestyn gekom. Hy het deur die hele Jordaanstreek gegaan en verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.".
Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Chrissie Pretorius; Una Steyn; Martie Gibson; Evert Bolt; Elma Jansen; Klein de Kock; Jan Lubbe
Hierdie week: Soek die Bybelverse
" Henog se ouderdom was dus 365 jaar. Hy het ???? ??? ?????? en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem. "
Vraag: Hoekom het God vir Henog van die aarde weggeneem ?

Lees gerus Genesis en noem waarom God vir Henog weggeneem het en noem die verse waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & **Doel**

Diens van Barmhartigheid

GKSA Sustentasie

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F